



MOS-WÊRELDWYD: AANLYN-TUISSKOOL

ONS OOREENKOMS

Hierdie is 'n ooreenkoms tussen MOS-Wêreldwyd ('ons') en ('jou') as ouer of wettige voog van jou kind ('die leerder')

MOS- Wêreldwyd is deel van Die MOS Skole Groep.

Ons is bly jy het besluit om deel te word van MOS-Wêreldwyd en ons sien daarna uit om saam met jou en jou kind te werk.

1. Voor jy jou registrasie indien

Voltooi die registrasie vorm en stuur dit in

Ons sal jou registrasie oorweeg sodra alles inligting ontvang is.

Wat jy moet doen om by MOS-Wêreldwyd aanvaar te word

Om vir toelating tot MOS-Wêreldwyd te kwalifiseer versoek ons:

- dat die leerder vir ten minste een akademiese jaar inskryf;
- dat die leerder vaardig in Afrikaans is en die skoolkurrikulum in Afrikaans kan voltooi;
- jou toestemming om jou kredietwaardigheid te mag nagaan en jou inligting by die kredietburo te bevestig; en
- jou toestemming dat ons die skole wat jou kind in die verlede bygewoon het, mag kontak vir 'n verwysing van jou en die leerder.

Wanneer ons jou aansoek van die hand mag wys

Ons kan jou aansoek van die hand wys as:

- ons nie die kapasiteit het om die leerder te akkommodeer nie;
- jy onakkurate inligting verskaf het;
- ons nie kan bevestig dat die leerder vir die graad waarvoor jy aansoek doen kwalifiseer nie;
- jou kredietrekord of verwysing van die leerder se vorige skole onbevredigend is; of
- die onderrigfooie 'n persentasie van jou inkomste oorskry, soos uiteengesit in die finansiële beleid.

2. Registrasie- en onderrigfooie

Ons hef 'n nie-terugbetaalbare registrasiefooie

Sodra jy die registrasievorm ingedien het, sal jy 'n faktuur vir die registrasiefooie ontvang.

Ons onderrigfooie is betaalbaar in paaieimente

Ons fooie is vasgestel soos op ons webwerf vertoon: www.moswereldwyd.co.za

Die fooie is per akademiese jaar. Dit kan in 12 paaieimente betaal word. Dit moet vooruitbetaal betaal word teen die 1ste van die maand.

Jy sal slegs toegang tot die onderrigplatform kry nadat ons die eerste paaieiment ontvang het.

Fooie is betaalbaar vir die volle kwartaal, dus indien n leerder eers in die laaste maand van die kwartaal begin, die volle bedrag vir die kwartaal is nog steeds betaalbaar.

3. Addisionele kostes

Van die onderrigmateriaal is ekstra

Sommige onderrigmateriaal kan slegs by derde-party verskaffers teen 'n minimale ekstra koste aangeskaf word, byvoorbeeld hardeband boeke.

Jy sal ook vir jou eie rekenaartoerusting en toegang tot die internet moet betaal.

Enige koste vir graad 12 eksamen is uitgesluit.

Sekere handboeke is uitgesluit in die pakket.

4. Jou verantwoordelikhede

Registreer die leerder vir tuisonderrig by die Departement van Onderwys

Jy moet aan die vereistes van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 voldoen. Die wet vereis dat jy die leerder by die toepaslike Departement van Onderwys registreer. Lees [hier](#) meer oor die vereistes.

Maak seker dat die leerder aan aanlyn aktiwiteite deelneem en aan die Gedragskode voldoen

Jy moet seker maak dat die leerder aan die aanlyn onderrig-aktiwiteite deelneem en die kurrikulum betyds voltooi.

Jy moet seker maak dat die leerder aan ons Gedragskode voldoen. Met die aanvang van die akademiese jaar, tydens die oriëntasie kursus, sal die leerder die Gedragskode moet aanvaar. As die leerder die Gedragskode verontagsaam mag dissiplinêre stappe teen hulle geneem word.

Betaal onderrigfooie betyds

Jy moet die onderrigfooie/ betyds betaal. As die onderrigfooie met meer as 30 dae agterstallig is, mag ons jou toegang tot ons dienste beperk. As die skoolgeld meer as 60 dae agterstallig is mag ons hierdie kontrak kanselleer.

Jy moet 'n rekenaar en toegang tot die internet hê

Jy moet 'n rekenaar met die nuutste bedryfstelsel en 'n stabiele internetverbinding hê om toegang tot die studiemateriaal te kry en om met onderwysers en ander leerders te kan skakel. Daar moet 'n werkende webkamera en mikrofoon op die rekenaar wees.

Verskaf akkurate inligting

Jy moet akkurate inligting aan ons verskaf en jou inligting op datum hou.

Stel ons betyds in kennis as die leerder afwesig gaan wees

Jy moet ons vroegtydig in kennis stel indien die leerder van enige geskeduleerde aanlyn-aktiwiteite afwesig gaan wees.

Bewaar jou intekenbesonderhede veilig

Jy moet jou gebruikersnaam en wagwoord veilig bewaar en met niemand deel nie. Jy is verantwoordelik vir enigiets wat deur jou profiel gedoen word, hetsy jy dit toegelaat het of nie.

5. Ons verantwoordelikhede

Ons verskaf opvoedkundige hulp aanlyn

Ons verskaf hoë gehalte aanlyn Afrikaanse onderrig en opvoedkundige hulp vir tuisonderrig.

Ons verskaf toegang tot ons kurrikulum met 'n Google-rekening.

Ons gee vir die leerder aanlyn toegang tot onderwysers en ander leerders.

Ons monitor die leerder se vordering

Ons monitor die leerder se vordering en voorsien jou gereeld toegang tot jou kind se werk via die MOS-leerstelsel.

As ons bekommerd is oor die leerder se vordering sal ons met jou vergader om ons bekommernisse te bespreek.

Ons bewaar jou inligting vertroulik soos per POPIA

Ons sal jou en die leerder se inligting vertroulik bewaar.

6. Waarvoor ons nie verantwoordelik is nie

Ons kan nie die veiligheid van jou inligting 100% waarborg nie

Ons het redelike veiligheidsmaatreëls in plek ten einde jou inligting te beskerm, maar geen stelsel is 100% veilig nie.

Al doen ons alles wat redelikerwys nodig is om inligting te beskerm, kan ons steeds nie waarborg dat ons stelsel nie gekaap word, of toegang daartoe verkry word sonder toestemming nie. Ons kan ook nie waarborg dat inligting nie verlore sal raak nie, of dat 'n data-oortreding nie begaan sal word nie.

Jy kan ons slegs aanspreeklik hou indien 'n insident plaasgevind het as gevolg van ons opsetlike en roekelose gedrag.

Laat weet ons asseblief dadelik indien jy dink dat jou profiel op een of ander manier te na gekom is/beskadig is/gekompromitteer is by info@mosww.co.za.

Ons is nie verantwoordelik vir verlies nie

Ons, ons direkteure, werknemers, en diensverskaffers is nie aanspreeklik vir enige direkte, indirekte, of gevolgbare verlies wat jy, of die leerder, weens die gebruik van ons dienste ly nie.

7. Ons mag ons dienste beperk

Ons dienste mag onderbreek word

Dit kan by uitsondering gebeur dat die aanlyn onderrigplatform nie beskikbaar is nie, byvoorbeeld wanneer ons roetine onderhoud doen, wanneer ons, of ons diensverskaffers, tegniese probleme ondervind, of weens sekuriteitsdoeleindes.

Ons hoef jou nie te vergoed indien jy tydelik nie op jou profiel kon ingaan nie.

Ons onderneem om hierdie tipe onderbrekings tot die minimum te beperk.

Ons mag jou toegang beperk

Ons mag jou toegang doelbewus beperk as

- ons glo dat iemand anders jou profiel gebruik;
- jou onderrigfooie meer as 30 dae agterstallig is;
- jy nie hierdie ooreenkoms nakom nie, of nie gehoor gee aan toepaslike wetgewing nie;
- ons nie die inligting wat jy verskaf het, kan verifieer of bevestig nie; of
- ons van mening is dat jy onwettig of beledigend optree, of so optree dat jy die integriteit van ons diens bedreig, of ons reputasie kan beskadig.

8. Ons besit die kurrikulum en onderrigmetodes

Ons besit die Inhoud en handelsmerke

Die kurrikulum, alle inhoud en ander materiaal wat deel is daarvan, insluitend die MOS handelsmerk en MOS onderrigmetodes, al ons ontwerpe, teks, grafika, prente, inligting, data, sagteware, klank, en ander rekenaarleërs en die versameling en orde daarvan, ('Inhoud') is die eiendom van Die Mos Skole Groep (Pty) Ltd, of is in ons naam gelisensieer, tensy ons aandui dat dit nie is nie.

Jy moet die Inhoud verantwoordelik gebruik

Jy en die leerder mag die Inhoud slegs vir persoonlike gebruik aflaai en druk. Jy mag nie:

- die diens of Inhoud verkoop, herverkoop, of die Inhoud vir kommersiële doeleindes gebruik nie;
- enige Inhoud versprei of in die openbaar vertoon sonder ons skriftelike toestemming nie;
- die Inhoud verander of vir enige afgeleide gebruik aanwend nie;
- enige data ontgin, of robotte, of soortelyke versamelings- of onttrekkingsmetode gebruik nie; en

- die diens of Inhoud vir enige ander doel aanwend behalwe dit waarvoor die Inhoud bedoel is nie.

9. Wanneer die kontrak eindig

Jy mag die kontrak met 'n kalendermaand kennisgewing kanselleer

Jy mag die leerder se inskrywing enige tyd kanselleer deur 'n kalendermaand skriftelike kennisgewing gedurende die akademiese jaar aan ons te besorg.

Ons mag die kontrak vir ander redes kanselleer

Ons mag die kontrak kanselleer as:

- jy of die leerder die kontrak, of ons Gedragskode, of die toepaslike wet, verontagsaam en
- jou onderrigfooie meer as 60 dae agterstallig is.

Ons is nie aanspreeklik vir verliese indien die kontrak gekanselleer word nie

Ons is nie verantwoordelik vir enige verlies of skade wat jy mag ly indien jou kontrak vir watter rede ookal, beëindig is nie.

10. Oor die kontrak

Die Suid-Afrikaanse reg geld vir die kontrak en enige verwante dispute.

Hierdie is ons volledige kontrak wat ons diens betref.

Hierdie kontrak kan nie eensydig gewysig of tersyde gestel word deur enige van ons se optrede nie. Alle veranderinge aan die kontrak moet skriftelik wees en albei partye moet daartoe instem.

As 'n gedeelte van die kontrak ongeldig of onafdwingbaar word, sal die res van die kontrak steeds geldig wees.

Ons mag ons regte en verpligtinge ingevolge die kontrak aan enige van ons affiliate oorhandig. Ons kan ook ons regte en verpligting oorhandig as gevolg van 'n samesmelting of verkryging, of herstrukturing, of die verkoop van bates, of weens die werking van die reg, of andersinds. Ons sal ook jou inligting na enige van ons affiliate, opvolgers-in-titel, of nuwe eienaars kan oordra sodat jy kan voortgaan om ons diens te gebruik.

11. Beskerming van persoonlike inligting

Ek/ons, die ouer/s of wettige voog/de van die leerder, gee hiermee toestemming dat:

- die skool my/ons persoonlike inligting wat deur die skool ingesamel, verwerk en gestoor word ingevolge die relevante bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI) vir doeleindes van die behoorlike funksionering en bestuur van die skool, soos voorgeskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 en ander relevante nasionale en provinsiale onderwys wetgewing en beleid; en
- die skool die leerder se persoonlike inligting (insluitend akademiese, bywoning, gedrags-en ander skoolverwante rekords) wat deur die skool ingesamel, verwerk, gedeel en gestoor word ingevolge die relevante bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI) vir die doeleindes van registrasie van die leerder in die skool, die behoorlike funksionering en bestuur van die skool, soos voorgeskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 en ander relevante nasionale en provinsiale onderwys wetgewing en beleid.

Ek/ons bevestig dat ek/ons ingelig is dat die bogenoemde persoonlike inligting in ooreenstemming met die skool se POPI-beleid hanteer sal word, welke beleid op die skool se webwerf beskikbaar is, alternatiewelik op versoek aan die skool beskikbaar gestel sal word. Ek bevestig dat ek bewus is daarvan dat my/ons regte met betrekking tot die beskerming van my/ons persoonlike inligting ook volledig in hierdie beleid vervat word.

12. Verwysings

MOS-Wêreldwyd het 'n verwysings opsie dat indien 'n bestaande ouer 'n nuwe ouer verwys, dan kry daardie bestaande ouer 'n verwysingsfooi as afslag op die rekening. Dit werk as volg

- 'n Nuwe ouer registreer op ons webwerf.
- Die nuwe ouer moet jou MOS-rekeningnommer in die registrasieproses invul as verwysing.
- Sodra die ouer die registrasiefooi en eerste maand se skoolfooi betaal het, kwalifiseer jy as ouer vir **R1 600** afslag op jou rekening in die maand wat daarop volg.

- Jy kan meer as een ouer verwys. Vir elke ouer wat die registrasiefooi en eerste maand se skoolfooi betaal het, kry jy R1 600 afslag op jou rekening in die maand wat daarop volg.
- Die krediet sal outomaties op jou rekening verskyn.

MOS-Wêreldwyd behou die reg voor om die verwysing opsie enige tyd op te hef.

13. Hoe kan jy ons bereik

Jy kan ons kontak by:

E-pos: info@mosww.co.za

Telefoon: +27 12 880 2493